

PUBLIC NOTICE: **ROADWORKS IN KENWYN**

The City of Cape Town's Urban Mobility Directorate hereby advises the public of the construction of a raised intersection at the Chukker Road and Oaklands High School intersection in Kenwyn, including a pedestrian crossing and sidewalk improvements. This project will enhance road safety for motorists, pedestrians and learners.

The work is planned to take place from 30 November 2026 until 11 December 2026 between 07:00 and 18:00, weekdays only, weather permitting and provided there are no unforeseen delays. Residents can expect some noise and temporary traffic disruptions during this time.

To accommodate the work, Chukker Road will operate under a one-way traffic arrangement during off-peak periods (09:00 to 15:00 and 18:00 to 06:00). During peak periods (06:00 to 09:00 and 15:00 to 18:00), a stop-and-go system will be in place to accommodate two-way traffic. Road users are advised to plan their journeys accordingly and to follow temporary road signage and traffic management measures.

Please note that:

- The above-mentioned dates can change due to unforeseen circumstances.
- Flag personnel will direct traffic through temporary detours around the work area
- Work areas will be demarcated to regulate traffic flow
- Vehicles parked in the road and obstructing the maintenance work, will be moved or towed

Road users are urged to:

- Be cautious while work is underway
- Lower your speed
- Pay attention to road signs
- Be vigilant in and around the roadworks area
- Look out for uneven road surfaces
- Be mindful of the construction workers
- Factor in longer travel time

Congestion is expected, so it is recommended that road users consider alternative routes.

We thank you for your cooperation and patience.

For enquiries, call the Transport Information Centre (toll-free 24/7) on 0800 65 64 63, email transport.info@capetown.gov.za or follow @CityofCTAlerts on X (Twitter)

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Making progress possible. Together.

OPENBARE KENNISGEWING:
PADWERKE IN KENWYN

Die Stad Kaapstad se direktoraat stedelike mobiliteit stel die publiek hiermee in kennis van die aanbring van 'n verhoogde kruising by Chukkerweg en die Hoërskool Oaklands in Kenwyn. Dit sluit 'n voetoorgang en sypaadjieverbeterings in. Die projek sal padveiligheid vir motoriste, voetgangers en leerders verbeter.

Volgens beplanning sal die werk van 30 November 2026 tot 11 Desember 2026 tussen 07:00 en 18:00 slegs op weeksdae gedoen word, mits die weer dit toelaat en daar geen onvoorsiene vertragings is nie. Inwoners kan geraas en tydelike verkeersontwrigting in hierdie tydperk verwag.

As gevolg van die padwerke sal Chukkerweg buite spitstye (09:00 tot 15:00 en 18:00 tot 06:00) volgens 'n eenrigtingverkeersreëling funksioneer. Gedurende spitstye (06:00 tot 09:00 en 15:00 tot 18:00) sal 'n stop-en-ry-stelsel in werking wees om tweerigtingverkeer te akkommodeer. Padgebruikers word dus aangeraai om hul roetes te beplan en tydelike padtekens en verkeersbestuursmaatreëls te volg.

Let asseblief daarop dat:

- Die bogenoemde datums weens onvoorsiene omstandighede kan verander
- Vlagpersoneel die verkeer met tydelike ompaaie rondom die werksgebied sal herlei
- Werksgebiede tydelik afgebaken sal word om verkeersvloei te reguleer
- Voertuie wat in die pad geparkeer is en die werk belemmer, verskuif of weggesleep sal word

Padgebruikers word aangemoedig om:

- Versigtig te wees terwyl die werk aan die gang is
- Hul snelheid te verminder
- Aan padtekens aandag te gee
- Waaksaam binne en rondom die padwerkegebied te wees
- Op ongelyke padoppervlakke bedag te wees
- Konstruksiewerkers in ag te neem
- Vir langer reistyd voorsiening te maak

Daar kan druk verkeer wees, en dus word padgebruikers aangeraai om alternatiewe roetes te oorweeg.

Ons bedank jou vir jou samewerking en geduld.

Vir navrae bel die vervoerinligtingsentrum by 0800 65 64 63 (tolvry 24/7),
e-pos transport.info@capetown.gov.za of volg ons op Twitter @CityofCTAlerts.

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Making progress possible. Together.